Glo in die Here Jesus Christus

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B130b Eng/Afr.

Skriflesing uit Hand.16:19 – 40

Kernvers: 25 – 'En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenes het na hulle geluister.'

Geliefdes wanneer ons so kyk na die handelinge van die Apostels ….nie hul goeie dade of wonderlike leringe nie, maar hul handelinge. Dan is dit vir my een van die wonderlikste dinge van die evangelie, nl. die handelinge! Dis beweging! Dis aksie!

Wanneer die Gees van God op 'n mens kom, op die gemeente, dan is daar handelinge en gebeur daar dinge. As u so deur die lewens van hierdie apostels lees, sal u wonderlike dinge sien wat gebeur het, bonatuurlike dinge. Dinge wat die werklikheid en heerlikheid van God openbaar het.

Kom ons vra onsself af: is daar nog plek in ons gemeentes, ons eie lewens vir hierdie dinge wat die Here vir ons gegee het? As ons onself moet meet aan die lewens van die Apostels, sal Jesus met ons tevrede wees? Sal dit Sy hart verbly?

Wat my so opval van hierdie spesifieke gedeelte is hoedat die Heilige Gees hierdie mens gelei het, hoe Hy met hulle gepraat het en vir hulle die vermoë gegee het om te kan onderskei – die Gees het vir hulle gesê waar om heen te gaan, wat hulle moes doen en wat nie.

Want die Heilige Gees was vir hulle 'n werklikheid – hulle het in Jesus geglo! Hy was vir hulle nommer een. Kan ons dit vandag sê ten opsigte van ons verhouding met Hom?